

Skuldberading

http://www.pitkos.co.za/artikels/artikel2009_42.html

In vandag se nuusbrieff wil ek 'n paar woorde met jou wissel oor skuldberading.

Daar word baie gepraat oor die belangrikheid van terapie vir mense in 'n persoonlike finansiële krisis. Spanning, angs en depressie ontstaan dikwels as gevolg van skuld en 'n geldelike verknorsing. Soms pleeg mense selfmoord as 'n ontvlugting uit hulle benarde posisie. Dit is vreeslik hartseer wanneer dit gebeur. Wanneer jou finansiële toekoms egter hopeloos raak, verloor mense moed en voel dit of daar geen uitkoms is nie. Daar is seker min dinge so erg soos finansiële stres.

Die opmerking word soms gemaak dat psigoterapie nie regtig vir 'n finansiële krisis help nie, want dit los nie die probleem op nie. Hier steek moontlik 'n stuk waarheid in, hoewel ek meen dat terapie help om perspektief te kry op jou situasie en om jou te rig om meer gefokus na oplossings te soek. Die feit is egter 'n persoon mag by 'n spreekkamer uitstap maar steeds voel dat hy vasgevang sit in die hopeloosheid en gespanne toestand van sy skuld en finansiële krisis.

Wat is skuldberading? Kortweg gestel is skuldberading daar vir mense wie se inkomste nie genoeg is om hul skuld te betaal nie. Met ander woorde wanneer die totale skuld betaalbaar plus lewenskoste meer is as die persoon se netto inkomste. Ek haal direk aan uit Act 79 (1) van No. 34 of 2005: National Credit Act: "A consumer is over-indebted if the preponderance of available information at the time a determination is made indicates that the particular consumer is or will be unable to satisfy in a timely manner all the obligations under all the credit agreements to which the consumer is a party, having regard to that consumer's- (a) financial means, prospects and obligations; and (b) probable propensity to satisfy in a timely manner all the obligations under all the credit agreements to which the consumer is a party, as indicated by the consumer's history of debt repayments."

Die Nasionale Kredietwet is daar gestel om verbruiker te beskerm en om beter beheer op alle krediettransaksies uit te oefen. Skuldberading is onder andere in hierdie wet vervat om mense wat 'n oorlading van skuld het, te help.

Die funksie van die skuldberader is om te bepaal of die verbruiker oorbelaas is volgens Artikel 86 van die Nasionale Kredietwet en om 'n bekostigbare terugbetaling te bereken, met ander woorde herstruktuering van skuld. Hierdie herstruktuering

word dan aan die kredietverskaffers voorgelê om die verbruiker in staat te stel om op 'n ordelike wyse sy skuld te betaal. Om as skuldberader te kwalifiseer moet 'n persoon 'n goedgekeurde kursus slaag.

Die voordele van skuldberading is dat die kredietverskaffer nie regaksies teen die verbruiker kan neem voordat die onderhandelinge afgehandel is nie. Die kredietverskaffer mag ook in hierdie tydperk nie op goedere en eiendom van die verbruiker beslag lê nie. 'n Verdere voordeel is dat die verbruiker nou 'n kans kry om op 'n bekostigbare wyse sy skuld te delg.

Dit is belangrik om daarop te let dat die verbruiker wat aansoek wil doen vir skuldberading wel 'n bewysbare inkomste moet verdien. Ook belangrik om te weet dat wanneer regsstappe reeds deur 'n kredietverskaffer teen 'n verbruiker geneem is kwalifiseer die verbruiker nie meer vir skuldberading nie. 'n Verbruiker wat dus van hierdie geleentheid gebruik wil maak moenie wag tot dit te laat is nie.

Wanneer 'n verbruiker aansoek doen vir skuldberading is daar spesifieke stappe wat voorgeskryf en wat gevolg moet word. Dit word in die No. 8477 Regulation Gazette van die Staatskoerant beskryf.

Skuldberading is 'n breër konsep wat in die algemeen verwys die hulp wat aan verbruikers verleen word wat 'n oorbelading van skuld ervaar. Skuldberading help hierdie individue om hulle skuldprobleme op te los binne die raamwerk van die kredietwet. Met ander woorde die skuldberader vorm die brug tussen die verbruiker en die kredietverskaffers. Die skuldberader se funksie is om aan beide hierdie partye riglyne te verskaf hoe om die probleem op te los, wat die beste manier is vir die verbruiker om sy inkomste te gebruik om eventueel sy skulde te betaal. Die skuldberader mag ook terugbetalings skedules met die kredietverskaffer onderhandel.

Skuldberading is nie vir elke individu wat in finansiële moeilikheid beland het nie. Die feit is egter dat skuldberading in die Nasionale Kredietwet ingeskryf is en vir baie mense wat in groot nood en spanning verkeer, 'n uitkoms bied om hulle skuld op 'n ordelike en bekostigbare wyse te betaal.

Vrae oor Skuldberading

In verlede week se nuusbrief het ek gesels oor skuldberading. Ek het heelwat vrae van lesers gekry en beantwoord dit graag in hierdie week se nuusbrief. Ek vertrou dat dit ook ander lesers kan help met vrae wat hulle het.

Vraag 1: Ek wil graag net vra dat as n persoon vir skuldberading aansoek gedoen het en of hy na die afbetaling van sy skuld weer skuld kan maak en die persoon se naam dan op die krediet buro verskyn?

Antwoord: Jy kan na afhandeling van skuldberading weer aansoek doen vir skuld – maar hopelik sal die hele proses van skuldberading jou ook help om meer sinvol met kontant jou sake te doen. Maar ja, jy mag weer skuld maak daarna. Die NCR (National Credit Regulator) is ernstig daarvoor dat 'n persoon wat die proses van skuldberading deurloop het – met ander woorde pro-aktief opgetree het – nie verder geflag word op die ITC nie, maar ge-deflag word. Met ander woorde jou naam mag dan nie meer op so 'n lys wees nie. Die ITC buro sal wys dat jy suksesvol gerehabiliteer is.

Vraag 2: Ek hoor wat jy sê van skuldberading, maar ek het 'n boedeloorgawe gedoen. Was dit verkeerd?

Antwoord: Nee, nie noodwendig verkeerd om te gegaan het vir boedeloorgawe nie. Ek weet nie hoe jou situasie daardie tyd was nie, maar soms kan dit seker nie anders nie. 'n Mens moet gaan kyk na elke individu se persoonlike omstandighede. Soms mag dit beter wees om jouself onder administrasie te plaas of om jou te laat sekwestreer.

Vraag 3: Ek het skuld en wil weet of ek kan vra vir briewe sodra ek my skuld vereffen het, want ek kry skuldbriewe en oproepe van skuld wat ek 'n paar jaar terug gehad het.

Antwoord: Wanneer jy skuld vereffen het, is jy geregtig op bewys van betaling. Onthou om altyd bewysstukke van betalings te hou. Stuur enige bewyse van betalings aan die betrokke skuldeisers. Ek dink dit sal goed wees indien jy met 'n skuldberader kan gesels om jou situasie te ontleed en te kyk hoe jy gehelp kan word.

Vraag 4: Wat gebeur wanneer daar reeds regstappe teen my geneem is?

Antwoord: Wanneer 'n kredietverskaffer reeds teen 'n gebruiker regstappe geneem bepaal die wet dat die kredietverskaffer nie daardie skuld onder skuldberading hoef te laat gaan nie. Ingevolge Artikel 29 van die Kredietwet kwalifiseer 'n kredietooreenkoms waar daar reeds geregtelike stappe geneem is, nie vir skuldberading nie. 'n Skuldberader mag ooreenkomste, waar daar reeds regstappe geneem is, in die voorstel van skuldherstruktuering opneem slegs wanneer die relevante kredietverskaffer instem tot so 'n insluiting. Ander skuld van die verbruiker kan steeds onder skuldberading gaan. Dit is dus belangrik om vroegtydig op te tree indien jy sien dat jy in geldelike moeilikheid beland voordat die skuldeisers geregtelike stappe teen jou neem.

Vraag 5: Kan huislenings onder skuldberading geplaas word?

Antwoord: Ja, dit kan.

Vraag 6: Ek verstaan nie mooi nie, wat is die eintlike voordeel van skuldberading/

Antwoord: Wanneer 'n verbruiker so in die skuld is dat hy volgens sy inkomste nie meer sy skuldeisers kan betaal nie, dan raak hy al meer vasgevang in die web van skuld want kan nie daaruit kom nie. Dit lei tot spanning, paniek en 'n toestand van hopeloosheid. Wanneer 'n verbruiker onder skuldberading gaan mag die skuldeisers (kredietverskaffers) nie regsaksies teen die verbruiker neem nie tot die onderhandelinge afgehandel is nie. Die skuldberader stel 'n plan saam wat die verbruiker geleentheid gun om sy skuld teen 'n bekostigbare bedrag te betaal.

Vraag 7: Ek is tans werkloos en my skuld hoop net al meer op. Kan ek onder skuldberading gaan?

Antwoord: Nee, jy moet 'n inkomste verdien.

Vraag 8: Ek het gehoor dat luukshede gesny word wanneer jy onder skuldberading gaan. Is dit waar?

Antwoord: Die wet is daar om die verbruiker te beskerm, maar is nie daar om die verbruiker, wat onder skuldberading is, toe te laat om voort in luuksheid te lewe nie. Luukshede word nie toegelaat in die daaglikse begroting nie. So kan dit byvoorbeeld gebeur dat die skuldberader jou sal vra om van jou luukshede soos die DSTV te laat gaan. Jy kan nie steeds met 'n luukse lewenstyl aangaan terwyl jy onder skuldberading is nie – dit is nie die doel van die wet nie. Skuldberading gaan daarvoor om jou te help om jou skuld te betaal en jou op 'n gesonde finansiële voet te plaas.

Vraag 9: Wanneer ek wil aansoek doen vir skuldberading, hoe werk die proses?

Antwoord: Kortliks kom dit daarop neer dat die verbruiker 'n konsultasie met die skuldberader het. Die verbruiker moet sy nuutste bankstate, bewys van inkomste, salarisstrokie, state van alle skuld by kredietverskaffers en ook jou begroting (wat insluit al jou uitgawes en daaglikse lewensonkoste) saam met hom bring. Dan werk skuldberader saam met die verbruiker 'n nuwe begroting uit, dit wat aan krediteure betaal moet word en ook wat sy realistiese bekostigbare lewensonkoste en uitgawes is. Hierna verloop 'n proses wat deur die Nasionale Kredietwet voorgeskryf word. Die skuldberader stuur brief aan al die krediteure wat sê dat die verbruiker nou onder skuldberading is – dit beteken dat die verbruiker vir 60 werksdae nie vervolgt mag word nie. Die skuldberader onderhandel in hierdie tydperk namens die verbruiker met die krediteure op 'n verminderde bedrag en 'n verlenging in tydperk van terugbetaling. Maandliks word een bedrag betaal aan 'n onafhanklike betaler (PDA) wat dan die geld aan die krediteure versprei. Die verbruiker het dus geld in sy rekening oor waarmee hy sy maandlikse uitgawes moet dek. Wanneer die skuld gedelg is, en die verbruiker bewys kan lewer dat hy verantwoordelik met sy geld kan werk, word die skuldberading gestaak. Die skuldberader reik 'n vrystellingsertifikaat uit en die kredietburo's word ingelig.

Ek vertrou dat bostaande sal help om meer duidelikheid rondom die proses van skuldberading te kry. Ken jy iemand wat in spanning met skuld lewe – dalk kan jy so iemand daadwerklik help om hom of haar na 'n skuldberader te verwys.

Jy is ook welkom om met my te skakel rakende skuldberading. Ek tree op as 'n konsultant vir skuldberading en ons het 'n goed gestruktueerde sentrum waar ons regtig uit die pad gaan om jou te help.